

SONDAG
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Lof-en-aanbidding	SB9: The love of Jesus (2x) SB94: I Have decided (1-6) SB94: Ek volg nou Jesus (1-3) Blessed be the name of the Lord (1-3) SB25: Jabulani (1-2) SB31: Juig al wat leef (1-2) SB26: My life is in You Lord SB29: Cast your burdens SB18: 'N Bietjie meer tyd (1-2) SB39: Soos die klei (1-2) SB46: Father God I wonder (2x) HL181:1-3 Saggies en teer SB54: Come (1-2) H-8:1-2 Here, God almagtig (1-2) (p77 in SB)	
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Verskeie	Skrif
Liturg	Preek	“Kissing”	Skrif
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe		
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	“Shout to the Lord” (2x)	
	Seën		

PREEKSKETS 1

Wie van julle het al 'n ou of 'n meisie gesoen?
Ek praat nou van genuine gesoen.
Was dit lekker?

Wat sal jy sê is die defenisie van soen?
Wie wil vir my beskryf wat 'n soen is.

Verklarende Afrikaanse Woordeboek: “liefkosende, groetende of versoenende aanraking of drukking met die lippe”

Engelse Woordeboek: “to touch with the lips, esp as a sign of love, affection, greeting or reverence”

4 Defenisies van 4 soorte soene:

Soen 1:

Jy kom aan vir jou teiken
Op die laaste oomblik draai die teiken haar gesig weg.
Jou lippe tref haar op die wang.
Jy proe net grimering (of aftershave)

Soen 2:

Jy kom aan vir jou teken.
Jy en sy pers albei julle lippe.
En dan ontmoet die membrane van julle lippe.
Wat belangrik is, is dat 'n mens jou kop effens draai sodat julle neuse verby mekaar gaan.
Belangrik: Moenie albei koppe na dieselfde kant toe draai nie - dan bots die neuse nogsteeds.
Tydens kontak word mikroskopiese klein hoeveelhede speog oorgedra.

Soen 3:

Jy kom aan vir jou teken.
Jy en sy pers albei julle lippe.
En dan ontmoet die membrane van julle lippe.
Albei maak hulle monde effens oop
Wat jy inkry is 'n bietjie vuil lug uit die ander een se longe.
'N Bietjie meer spoeg word in die proses uitgeruil.

Soen 4:

Baie soos die vorige soen.
Behalwe:
Die mondspeire word nou ingespan.
Die twee partye probeer om hulle tonge te knoop.
Jy kan ook proe wat die ander een geëet het deur jou tong teen sy tande te skuur.
Dit is baie gevaarlik - want daar ontstaan 'n groot vakuum met hoë druk.
Sommige mense het al geslaag om tot 'n uur lank in hierdie vakuum te oorleef.
Terloops: In hierdie proses word tot 'n halwe koppie spoeg uitgeruil.
Nuwe effekte: Verstikking

Is dit regtig wat 'n soen is.
Beskryf hierdie defenisies werklik 'n soen.
NEE.

'N Soen gaan nie net oor twee partye nie.

Dit gaan nie net oor lippe wat teen mekaar gedruk word nie.

Dit gaan oor baie meer.

Onthou jy nog daai eerste groot soen?

- Jy kan dit nie vir iemand beskryf nie.
- Dis 'n gevoel wat deur jou hele liggaam gaan.
- 'n Opgewondheid soos nog nooit vantevore nie.
- Jy lê nagte wakker en dink daaraan.

Wat maak 'n soen so spesiaal?

Weet jy wat?

- Nie die lippe wat aan mekaar raak nie.
- Die verhouding tussen 2 mense.

As jy al regtig lief was vir iemand sal jy weet wat ek nou bedoel.

Ander mense sal dit dalk nie eers verstaan nie.

Vir hulle maak dit nie sin nie.

- Maar vir jou maak dit sin.
- Want jy staan in 'n verhouding met daardie iemand.

Jy kan nie 'n soen verduidelik nie.

Jy kan omtrent nie eers 'n defenisie vir soen gee nie.

Jy kan dit net ervaar - binne verhouding waar jy lief is vir iemand.

Weet julle: christenskap is dieselfde.

- Jy kan dit nie vir iemand beskryf nie.
- Jy kan nie vir iemand behoorlik 'n defenisie gee nie.
- Jy kan dit net beleef.
 - Dis 'n gevoel wat jy nie kan beskryf nie.
 - Dis iets wat jy nie kan verklaar nie.
 - Dis 'n stukkie opgewondenheid wat jou hele lewe verander.

En weet jy wat?

- Jy kan dit net ervaar binne-in 'n liefdesverhouding.
- 'n Persoonlike verhouding tussen jou en God.

Vir die ouens wat buitekant staan maak dit nie sin nie.

- Dit lyk dalk selfs belaglik.
- Maar vir jou wat in die verhouding met God staan - is dit die lekkerste gevoel in die hele wêreld.

Preekskets 2

Hoekom soen 'n mens ander mense?
Hoekom soen jy vir ouma?
Hoekom soen jy jou ou/meisie?
Het jy al agtergekom: 'n mens soen hulle verskillend.

Ek het in die Bybel gaan kyk na hoekom soen mense mekaar.

Groet

Eks 4:27: “Intussen het die Here vir Aaron opdrag gegee om Moses in die woestyn tegemoet te gaan Hy het gegaan en hom by die berg van God aangetref en met 'n soen gegroet.”

Eks 18:7 “Moses het toe sy skoonpa gaan ontmoet en voor hom gebuig en hom met 'n soen gegroet.”

Rut 1:14 “Toe het Naomi se skoondogters weer begin huil, en Orpa het van haar afskeid geneem (gesoen), maar Rut het by haar gebly.

As iemand besig is om te sterf...

Liefde / bewondering / waardering / blydschap

Gen 48:10 “Josef het sy seuns tot teen Israel gebring en hy het hulle gesoen en teen hom vasgedruk”

Gen 33:4 “Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Esau het sy arm om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil..”

Gen 45:15 “Toe omhels Josef sy broer Benjamin en hy huil, en ook Benjamin het op sy broer se skouer gestaan en huil. Josef het al sy broers gesoen en daar by hulle gestaan en huil.”

Luk 15:20 “Toe hy nog ver aankom het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom”

Klein baba wat gebore word.

Kind wat presteer het.

Iemand wat vir jou 'n groot persent gegee het.

Groet (in kerk)

1 Kor 16:20 “Groet mekaar met die soen van christelike broederskap”

2 Kor 13:12 “Groet mekaar met die soen van christelike broederskap”

1 Tess 5:26 “Groet al die medegelowiges met 'n soen van Christelike broederskap”

1 Pet 5:14 “Groet mekaar met 'n soen van christelike liefde”

Liefde (voorspel tot seksuele)

Hoogl 1:2 “Soen my, soen my weer en weer! Jou liefkosings is beter as wyn, jou parfuum ruik so lekker, jou naam is suiwer parfuum...”

2 ANDER SOENE IN DIE BYBEL

Verraad

Gen 27:27 “Hy het nader gekom en hom gesoen, en toe hy die reuk kry van die klere wat Jakob aanhet, het Isak hom geseën...”

2 Sam 20:9-10 “Joab het vir hom gevra: Gaan dit goed met jou, my broer? En hom met die regterhand aan die baard gegryp asof hy hom wou soen. Amasa was nie op sy hoede vir die swaard in Joab se ander hand nie, en Joab het hom daarmee in die onderlyf gestee, sodat sy ingewande op die grond neergeval het.”

Luk 22:47-48 “Terwyl Jesus nog praat kom ‘n klomp mense daar aan. Die een wat Judas genoem is, een van die 12, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te soen. Maar Jesus sê vir hom: Judas, verrai jy die seun van die mens met ‘n soen?”

Spr 27:6 “Op ‘n vriend wat jou seermaak kan jy reken; iemand wat jou haat is oordadig met sy soene.”

Bewondering

Luk 7:36-50 (Sondige vrou)

Slot

Twee mense.

- Altwee van hulle het die kans gehad om Jesus te soen.

Altwee van hulle het Hom gesoen.

- Die een het Hom verrai
- Die ander een het Hom aanbid.

Wat doen jy met Jesus?

- Verrai jy Hom?
- Of aanbid jy Hom?